Gereformeerde Kerk Trinitas
Oggenddiens 2017-03-26
Genesis 23:1-20
V. 20

God gee uitkoms aan die gelowiges selfs in die graf

Inleiding:

Rus in vrede – die woorde wat ons oor die algemeen assosieer met die graf. Tog is daar soveel ander gevoelens wat ons met die graf assosieer. Hartseer, verlange, eensaamheid, verlate.

Abraham het egter ander gevoelens gehad – desperaatheid. Die gebruik was dat iemand na sy dood in die familiegraf begrawe sal word. God het egter vir Abraham geroep om uit Ur te trek. Abraham se nomadiese leefstyl het egter veroorsaak dat hy nie grond besit het nie. Sy vrou het dus nie 'n graf gehad nie. Hy moet haar tog op 'n waardige wyse begrawe en Abraham kry dan die geleentheid om vir Sara 'n graf te kry. Tog is die graf nie net 'n plek vir 'n ontslape nie. Die graf wat Abraham koop dui op soveel meer.

God gee uitkoms aan die gelowige selfs in die graf.

Die graf as teken van God se verbondsbeloftes.

Ons lees in Genesis 23 dat Abraham weereens in 'n vreemde land is. Sedert hoofstuk 12 is dit die derde keer wat Abraham nie stabiliteit het in sy lewensomstandighede nie. Abraham bevind homself in Hebron in Kanaän. En dit is juis in Hebron in Kanaän waar Sara tot sterwe kom.

Sara sterf op die ouderdom van honderd sewe en twintig jaar. Sara is die enigste vrou van wie ons lees in die Bybel van wie die ouderdom, sterfte en begrafnis genoem word. Die moeder van die verbond, die vrou van Abraham sterf.

Met die eerste oogopslag wil dit voorkom of Sara nie die vrug van die beloftes van die verbond sal sien nie. Tog is daar vir haar 'n kind gebore. Isak is gebore – die erfgenaam van Abraham. So ook is dit opvallend dat Sara in Kanaän sterf. Haar lewe kom tot 'n einde in die beloofde land – die land wat God beloof het aan Abraham wat sy nageslag in besit sal neem.

So sien ons reeds die vooruitskouing dat God nie van Sy verbond vergeet het nie. Hy bly getrou. Abraham kry die geleentheid om by Efron die Hetiet ‘n stuk grond te koop sodat hy sy vrou op ‘n waardige wyse kan begrawe.

Tog was dit nie ‘n eenvoudige transaksie nie. Daar is eerstens onderhandel. Abraham wou net die grot gehad het. Tog het Efron nie geskik daarvoor nie. Hy dring daarop aan dat Abraham die stuk grond wat daarmee saam gaan ook neem. Die implikasie hiervan is dat Efron nie belasting hoef te betaal as hy nie meer grond besit nie. Daarom wil hy van al sy grond ontslae raak sodat die las van die belasting op Abraham moet rus soos wat vereis word van enige grond eienaar.

Die gebruik was dat so ‘n transaksie in die stadspoort plaasvind sodat die getuies kan sien dat die transaksie op die regte wyse plaasvind en dat niemand te nagekom word nie. In die stadspoort weeg Abraham die vier en ‘n half kilogram silwer af en betaal die prys sodat hy sy vrou kan begrawe.

Op ‘n wettige wyse word Abraham die eienaar van ‘n stuk grond – ‘n graf – in die beloofde land.

Tog sien ons op hierdie wyse hoe Abraham vashou aan die geloof en op God vertrou. Hy besit ‘n klein stukkie grond wat God aan hom beloof het. Hierdie graf dien dus as ‘n teken van geloof maar ook as teken van troos.

<u>Die graf as teken van troos</u>

Abraham het sy vrou verloor – sy huweliksmaat, een wat by hom pas. Vers 2 noem dat Abraham gerou en gehuil het. Die rou dui op praktyk dat ‘n persoon wat iemand verloor het daaroor sal oordink en die gevoelens verwerk – dit was ‘n uiterlike teken. Die feit dat Abraham gehuil het dui egter op die verwerking van die emosies van hierdie geliefde van hom wat dood is.

Na die verwerking van al hierdie emosies gaan Abraham oor om die graf te gaan koop.

Hy kry die beste graf – die makpelagrot.

In ons fokusvers kan ons sê lees ons van die bevestiging van die transaksie – “*na Abraham as begraafplek wat aan hom behoort.”*

Die woord wat hier gebruik word vir besitting beteken dat dit iets is wat vir ewig aan jou behoort en wat niemand van jou af kan wegvat nie. Dit is dus 'n permanente besitting vir die nageslag van Abraham. Dit word ook vir ons bevestig later in die boek Genesis wanneer ons lees dat Abraham, Isak, Rebekka en Lea ook daar begrawe is.

Selfs op die sterfbed van Jakob vra hy sy kinders dat hy in hierdie familiegraf begrawe sal word. So sien ons dat Jakob selfs op sy sterfbed steeds vashou aan die beloftes wat God aan sy voorvaders gemaak het.

Abraham het hierdie stukkie grond in 'n vreemde land gekoop en sy nageslag het nie van hierdie stukkie grond vergeet nie. Dit is hulle deeltjie van die beloofde land. Net voor die afsterwe van Abraham in Gen. 25:9 lees ons dat Abraham al sy besittings bemaak aan Isak. Hierdie graf behoort dus aan Isak – die graf gaan voort in die verbondslyn.

Die graf dien dus as troos dat die land die eiendom sal word van die verbondsvolk. Hulle sal die beloofde land beërf. In Hebr. 11:13 lees ons van die troos wat die beloftes van God inhou – "*Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is."*

Abraham het nog 'n klein nageslag gehad, maar hy het grond besit – 'n klein stukkie grond – 'n graf.

<u>Die dood is oorwin</u>

Geliefdes ons nader nou die paastyd. Die tyd van die jaar waar ons gefokus terugdink oor die dood van Jesus Christus. Hy het Sy lewe afgelê as volkome vervulling van die beloftes van God. Hy het die verbond volkome vervul. Hy het gesterf en is in die graf gesit. Hy het egter nie die grond besit nie. Josef van Arimatea het die liggaam van Jesus by Pilatus gaan vra sodat hy Hom kan begrawe.

Die graf is egter hier nie 'n vooruitskouing van wat sal kom nie. Hier is die graf die duidelik bewys – Hy het opgestaan. Hy is nie meer dood nie. Hy het al die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan. En geliefdes die grootste van alles – Hy leef. Hy leef vir jou en vir my. Die leë graf is die grootste

wonderteken en die grootste teken van God se genade, want ons hoef nie meer die dood te vrees nie. Die prys is betaal.

Geliefdes as u dink dat ons aardse omstandighede die beloofde land is, maak u 'n groot fout. Ons sien met opwinding uit na die beloofde land – die hiernamaals – die hemel. Ons teken en bevestiging van die beloofde land is die leë graf.

Ons hoef daarom nie bang te wees vir die dood nie. 1 Tess. 4:14 roep ons op met die sekerheid – "*Ons glo immers dat Jesus gesterwe het maar ook opgestaan het. Net so ook glo ons dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo het, na Hom toe sal neem."*

Dit is daarom nie vir ons nodig om die dood te vrees nie. Die graf is nie iets om voor bang te wees nie, maar die teken van God se genade deurdat Hy ons van die ewige dood gespaar het deur die oorwinning wat net deur Christus behaal kon word.

<u>Slot:</u>

Geliefdes dit is hartseer om 'n geliefde te verloor. Ons mag rou en ons mag huil. Maar ons troos lê daarin dat die tande van die dood getrek is. Die dood het geen meer mag oor ons nie. Ons hoef nie die dood te vrees nie, want die leë graf getuig van die oorwinning.

God is getrou aan Sy beloftes wat Hy met Abraham gemaak het maar wat ook op ons van toepassing is – Ons is 'n groot nageslag maar ons wag in groot opgwondenheid op die beloofde land.

Openb. 21:4 herinner ons van die ongelooflike troos danksy Jesus Christus – "*Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie eer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan."*

Moenie bang wees nie.

Hou vas aan die troos.

Hy het opgestaan.